**5 AUGUSTUS** **SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 22:17-26 (NAV)**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 22:17-19**

## Is jy op die regte plek?

In Handelinge 21 word Paulus deur die volk in die tempel gevang. Die mense wou hom summier doodmaak, maar die Romeinse kommandant kom tot sy redding en vat hom weg. By die deur van die kaserne vra Paulus of hy met die skare kan praat. Handelinge 22 is Paulus se toespraak waarin hy sy lewensverhaal vertel. In ons gedeelte vertel Paulus wat met hom gebeur het nadat hy in Jerusalem teruggekom het, ná sy bekering op pad na Damaskus toe.

Paulus vertel dat die Here Jesus Christus in die tempel aan hom verskyn het en vir hom gesê het (vs. 18): “Maak gou en gaan dadelik uit Jerusalem weg.” Die Here was reg toe Hy Paulus gewaarsku het om Jerusalem te verlaat – hier staan Paulus immers in die hande van die Romeinse leër, wat hom moes red uit die hande van die Jode! Tog is dit nie die rede waarom die Here hom beveel het om uit Jerusalem te gaan nie! Hy moes nie padgee omdat dit vir hom te gevaarlik was of omdat hy vyande gehad het nie! Hoekom moes hy padgee? Ons vind die antwoord in vers 18: “Die mense hier sal nie aanvaar wat jy oor My getuig nie.” Dit gaan nie oor Paulus se veiligheid nie, maar oor Jesus se boodskap. Dit gaan nie oor Paulus se lewe nie, maar die lewe van ongelowiges wat van Jesus moet hoor. Wat is die situasie in jou lewe? Wat is vir jou die belangrikste? Wat kom by jou eerste? Is jy op die regte plek?

*Sing: Skrifberyming 3-2:1* *Dr Wilhelm Leuschner (Wapadrant)*